# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

July / August 2017




Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

# Sommer net........











# Indeks / Index


| | |
|---|---|
| SAFPA Excecutives and Area Representatives | 2 |
| Editors Column | 4 |
| Jeugskoue gedurende 2016 in die Vrystaat Attie van Aswegen | 7 |
| Selfoon seleksie hulpmiddel - NAK Smit | 12 |
| Die Skaarsrasklub nuusbrief January 2017 Hennie Hattingh | 13 |
| Matt Willemse - Genommineer vir die pos van Nasionale Vise-President van die SASV | 15 |
| Bloedlyne - NAK Smit | 16 |
| Lionel Phillips writes....... | 17 |
| Lekker lees kaperjolle vanaf die Mookee Koning Ruben Kitching | 19 |
| Notule van die AJV van die SASV - Dirk Scholtz | 20 |
| Duiwesiektes en medisyne - Tom Ryke | 27 |
| LEMONS & CANCER - Lionel Phillips | 32 |
| Skou en Duiwedae almanak | 34 |
| SAFPA Affiliated Speciality Clubs | 35 |
| Scoreboard and Rules | 36 |


SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

***Advertisement Costs***

***Businesses and non SAFPA members***

**Quarter page R250 Half page - R450**
**3 Quarter page - R650 Full page - R850**
**Colour cover page R1200**

***SAFPA members***

**Quarter page R100 Half page - R200**
**3 Quarter page - R300 Full page - R400**
**Remember this is only for members wanting to sell something and will only be placed once**

**Die afsny datums vir artikels is as volg:**
**Januarie/Februarie - einde Oktober**
**Maart/April - einde Januarie**
**Mei/Junie - einde Maart**
**Julie/Augustus - einde Mei**
**September/Oktober - einde Julie**
**November/Desember - einde September**


**The Fancy Pigeon**
**Die Sierduif**
**Obtainable from**
**Verkrygbaar by**
**Christo Munnik**
**Fax: 086 541 6011**
**Cell: 076 391 5800**
**E-mail/E-pos**
**cora.christo@gmail.com**

**Graphic Design done by The Editor and Printed by Ring-O-Print**
**Cell: 084 549 6235**
**Cell: 071 284 1393**
**E-mail**
**info@ringoprint.co.za**


## National Ringmaster

**Cell: 082 565 9022**
**Tel: 041 365 7737**
**Fax: 086 730 3489**
**Fax: 086 730 3229**
**E-Mail:**
**safpa.rings@axxess.co.za**
**Banking details:**
**Account Name - SAFPA**
**Standard Bank**
**Tyger Manor**
**Branch Code**
**05-04-10-41**
**Account Number**
**272 692 794**

**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 - 20:00**
**Sunday**
**after 14:00**
**Geen 'Whatsapp' bestellings vir ringe sal aanvaar word nie.**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## SAFPA Honarary Presidents and Vice Presidents

* Gerald Orpen - 1957
* G Dolley - 1958
* Reg Gething - 1958
* Mervyn Wightman - 1962
* Rev AF Malan - 1962
* A Reyneke - 1965
* AM Anderson - 1966
* A Ingle - 1970
* Rev JC Jansen - 1977
* Prof JR Verster - 1977
*Alex Ravenscroft - 1984
* Charl Pretorius - 1987
* Corrie van Reenen - 2007
* Wynand Wessels - 2010
* Warren Klopper - 2014
* Clive Druce - 2014
*Stewart Patterson - 2017

**Renier Lee** - PO Box 2368, Noorsekloof, Jeffreysbaai, 6331 Cell: 082 600 8647
**Pierre le Roux** - 31 Diaz Street, Panorama, 7500 Cell 083 567 0226

## SAFPA Excecutive Committee

**National President - Chris de Bruin**
PO Box 906268, Magalieskruin, 0150 Cell: 082 426 8703 Fax: 012 430 4539
Fax: 086 617 6028 - E-mail: chris.debruin@dcs.gov.za

**National Vice-President - Christo Britz (co-opted)**
PO Box 31840, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317. Tel: 051 430 8666
Cell: 083 626 6003 - E-mail: chris@iasafari.co.za

**National Secretary - Dirk Scholtz**
PO Box 21110, Nelspruit, 1200 Fax: 013 733 3048 Cell: 082 452 4229
E-mail: dirk@harmonie.co.za

**National Treasurer - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com

**National Ringmaster - Netta Prince**
PO Box 455, Port Elizabeth, 6000 Tel: 041 365 7737 Fax: 086 730 3489
Cell: 082 565 9022 - Fax: 086 730 3229 E-mail: safpa.rings@axxess.co.za

**National Editor - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, Kwazulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011**

**National Judges Officer - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 082 921 5228
E-mail: benard@isafari.co.za
**National Webmaster - Daniel Bierman**
PO Box 431, Milnerton, 7435 Cell: 082 940 7377
SAFPA Website http://www.safpa.za.org
E-mail: webmaster@safpa.za.org
**National Youth Forum Representative - Attie van Aswegen**
9 Peeter Street, Môrewag, Kroonstad, 9499 Tel: 056 213 3498
Cell: 082 411 8483 - E-mail: attievanaswegen@gmail.com

## Safpa Area Representatives

**North-of-the-Vaal - Benard van Zyl**
Kwintstraat 400, Pretoria Tuine, Pretoria, 0082 Sel: 083 235 0363
E-mail: benard@iasafari.co.za
**Freestate - Chris vd Walt**
1 Stanton Street, Fichardtpark, Bloemfontein 9301 Tel: 051 522 3074
Cell: 082 378 6447 E-mail: vanderwalt006@gmail.com
**Western Cape - Morné Rix**
PO Box 68, Ottery, 7808 Tel: 021 394 9014 Cell: 076 487 4873
E-mail: mornerix@mweb.co.za
**Northern Freestate - Bertie Wessels**
PO Box 1085, Bothaville, 9660 Cell: 083 733 4191
E-mail: bertie_wessels@hotmail.com
**Eastern Region - At van Jaarsveld**
PO Box 3568, Middelburg, 1050 Tel: 013 245 1700 Cell: 072 368 1214
E-mail: atvanjaarsveld@gmail.com
**Northern Cape - Seppie Esterhuysen**
PO Box 52, Upington, 8800 Tel: 054 332 6288 Cell: 082 559 1132
**Eastern Province - Johann de Beer**
PO Box 3268, Northend, 6056 Tel: 041 466 7443 Cell: 072 399 8952
E-mail: info@mbosman.co.za
**South Western Districts - George Bell**
PO Box 3, Zoar, 6656 Tel/Fax: 028 561 1314 Cell: 083 483 9969
E-mail: bellgeorge@hotmail.com
**Western Transvaal - Awie Esterhuizen**
2 van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, 2571 Cell: 084 682 0143
E-mail: pyp.esterhuizen@gmail.com
**KwaZulu-Natal - Christo Munnik**
PO Box 618, Anerley, 4230, KwaZulu-Natal Cell: 076 391 5800
Fax: 086 541 6011 E-mail: cora.christo@gmail.com

**SAFPA Website - http://www.safpa.za.org**

**National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229**

# Editor's column

## Birthdays

Suné Grobler - 03-Sep
Nak Smit - 08-Sep
Sandra Botha - 10-Sep
Karin Grobler - 11-Sep
Gerhard Joubert - 13-Sep
Daniel Bierman - 13-Sep
J v Zyl Smit - 15-Sep
Doynton Berry - 16-Sep
Shaun Shrosbee - 16-Sep
Hennie Hattingh - 21-Sep
RubenKitching - 23-Sep
Pieter Bedford - 23-Sep
André Gunter - 25-Sep
Rudi Lombaard - 27-Sep
Stanley Barnard - 27-Sep
Barnard Steyn - 29-Sep
Tom Ryke - 01-Oct
Hansie Botes - 02-Oct
Edu le Roux - 02-Oct
Elma Swart - 06-Oct
Rudie Viviers - 16-Oct
Roy Jordaan - 18-Oct
Louwtjie Kruger - 20-Oct
Peet Botha - 24-Oct
P Labuschagné - 24-Oct
Ruan de Bruin - 29-Oct

## Ill members -

Frik Schoeman
Netta Prince
Gert Holtzhauzen

## Deaths -

Wikus Prins - oud lid van Noord Vrystaat
Stuart Torrance - WC


God's cake....
This is about the best thing
I've ever read as an explanation.
Sometimes we wonder,
'What did I do to deserve this?' or
'Why did God have to do this to me?'
Here is a wonderful explanation!
A daughter is telling her Mother how everything
is going wrong, she's failing algebra, her boyfriend
broke up with her and her best friend is moving away.
Meanwhile, her Mother is baking a cake and
asks her daughter if she would like a snack, and the
daughter says, 'Absolutely Mom, I love your cake.'
'Here, have some cooking oil,' her Mother offers.
'Yuck' says her daughter.

'How about a couple raw eggs?' 'Gross, Mom!'
'Would you like some flour then? Or maybe baking soda?'
'Mom, those are all yucky!'

To which the mother replies:
'Yes, all those things seem bad all by themselves.
But when they are put together in the right way, they make a wonderfully delicious cake!'
God works the same way. Many times we wonder why
He would let us go through such bad and difficult
times. But God knows that when He puts these things
all in His order, they always work for good! We just
have to trust Him and, eventually, they will all
make something wonderful!
God is crazy about you.
He sends you flowers every spring and a sunrise every morning.
Whenever you want to talk, He'll listen.
He can live anywhere in the universe, and He chose your heart.
If you like this, send this on
to the people you really care about.
Life may not be the party we hoped for, but while we are
here we might as well dance!

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



**Redakteur/Editor Christo Munnik**

Elke twee maande as ek die nuwe Sierduif doen begin ek sommer al so 'n krieweling langs my ruggraat af kry as ek net daaraan dink dat ek die redaksionele blad moet volmaak. Soos julle al gesien het in die verlede het ek sommer iets anders hier geplaas nie omdat ek nie wou skryf nie maar omdat ek nie geweet het wat om te skryf nie. Die krieweling wat ek kry is partymaal omdat ek opgewonde is oor die skryf van die bald of ook omdat ek weet ek sal dit weer nie regkry nie so dis sommer 'n bang gevoel en nie 'n krieweling nie.

Ek raak bang vir al ons lede en oud lede wat so aanmekaar doodgaan. Dit was hierdie jaar skrikwekkend gewees glo vir my. Die anderdag by die Oostelike Streek se skou het ons gestaan en praat oor die Sierduif en al die fotos van oorlede lede wat op die voorblad verskyn en het Dirk Scholtz en omtrent al die ander teenwoordig my omtrent gesmeek om asseblief dit nie meer te doen nie.

My persoonlike gevoel hieroor is dat ek darem sekere lede wat groot was in die SASV bietjie eer wil gee. Maar, hoe meer ek daaroor dink voel ek dat alle lede van die SASV tog maar op gelyke voet behandel te word. Nou het ek gedink dat ek van nou af weer duiwe of fotos van lede wat vir my hulle lewens verhaal skryf terwyl hulle lewe voor op die boekie wil plaas. Ek sal baie bly wees as ons lede wat die stukkie lees my sal help om te besluit.

Ek wil egter voortgaan om die gestorwenes eer te gee maar ek dink ek moet dit net binne in die boekie doen en nie op die buiteblad nie. Help my besluit asseblief. Ek wil ook weet of ek die duiwe sketse moet opsit of moet ek maar probeer om mooi fotos van duiwe te kry wat natuurlik baie moeilik is omdat dit nie maklik is om duiwe af te neem in skouhokke of loopringe nie.

Die jaar is ook alweer besig om verby te snel en as julle die boekie kry is dit of amper tyd vir die SA's in Pietermaritzburg of ons is alreeds daar. Die skoue is al amper weer almal iets van die verlede en almal is nou seker besig om reg te maak vir die SA's. Ons hier in KZN gaan ons beste probeer om die skou vir julle so aangenaam moontlik te maak en sal uit ons pad gaan om almal tevrede te probeer hou. Lede moet asseblief net onthou dat daar 'n ander groot wêreld skou met perde en ander diere gaan wees so ons weet dat daar dalk ander probleme kan opduik maar ons sal dit aanspreek soos ons aangaan en probeer om dit uit te stryk voor die skou begin.


Ons wens is dat julle almal sal veilig reis na die groen land van KZN en dat julle die skou sal geniet. Onthou elke SA's is uniek en elkeeen het iets wat ons altyd sal onthou. Kom geniet julleself by ons en mag daar net goeie duiwe geskou word en die beste duif die skou wen.

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**"Beste wat ek ooit gebruik het. Nou 'n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit"**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




# bioworx ANIPRO Aqua

## Probiotika in 'n "teesakkie"

| | |
|---|---|
| bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g | R109.16 |
| Ander produkte: bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg | R104.52 |
| bioworx ENERGYOIL 500g | R176.70 |
| bioworx ENERGYOIL 1kg | R336.30 |

(*BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit*)

NB *Vermy die onnodige toediening van antibiotika, maar moet NOOIT virus-inentings staak nie.*

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Gebou 23 WNNR Meiring Naude Weg Pretoria Tel: 012 841 3540 / 082 879 4208
Faks: 086 562 5805
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org




## Jeugskoue gedurende 2016 in die Vrystaat

**Attie van Aswegen**



Attie verduidelik aan hulle hoe die handleiding en standaarde werk en wat van hulle verwag word met die skoue.

Andries Brummer, Eben Bezuidenhout, Marius Kruger, Suné Grobler saam met Attie.



Die jaar 2016 het met 'n spoed begin en die skoue, Jeugskoue en SASV skoue, was naby aan mekaar en die beplanning moes mooi uitgewerk word. Aan die begin van Februarie het ons 'n opleidingsdag by Kroonstad Hoërskool se Landbouterrein gehad. By die duiweafdelings was daar vier deelnemers, van die ander was afwesig vir sport.

Dit was 'n aangename dag en die twee nuwe deelnemers het baie belangstelling getoon en vining geleer. Ek het gedurende die jaar nog twee opleidingsdae gehou by my huis.

Met Noord-Vrystaat se duiwedag op 13 Februarie by Gert Venter het ek twee van die deelnemers wat kon saamgaan en een pa saam geneem om die dag by te woon. Hulle is baie goed ontvang deur die lede. Hulle het baie belang gestel en die lede het hulle baie gehelp met die duiwerasse. Chris v.d. Walt was ook teenwoordig en elke ras is deeglik bespreek gedurende die beoordeling,wat vir hulle baie leersaam was. Die pa, Jurie Bezuidenhout, se belangstelling in die groter rasse is geprikkel en ons het begin soek na duiwe vir hom.Chris het ook twee manne, Johan Loubscher en Sjaan Hamman, van Bloemfontein af saam

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377




Chris vd Walt besig om die duiwe te bespreek.

gebring. Die dag was 'n groot sukses.

Met die Lanties fees te Kroonstad op 11 Maart was daar heelwat deelnemers. Reddersburg se span was daar en hulle het twee seniors en twee juniors in die wedvlugduiwe afdeling gehad. In die sierduifafdeling was daar drie seniors en een junior. Soos gewoonlik het Petro van Aswegen en Kimaine Edwards mekaar opdraande gegee in die senior afdeling, wedvlugduiwe. Jana vd Merwe en Gysie Coetzee is twee nuwe deelnemers in die wedvlugduiwe afdeling. Hulle leer vining. In die sierduifafdeling seniors, was Ju-Marie Swanepoel, Suné Grobler en Eben Bezuidenhout. Al drie is baie sterk deelnemers. In die junior afdeling was Marius Kruger, hy leer baie vining en hy kan baie vêr kom.

Op 13 Mei is ek na Reddersburg toe vir die jeugskou. Ek het vir Chris vd Walt gevra om my te gaan help want die tyd daar is maar beperk. Hy het ingestem en ek waardeer dit baie. Dit neem ongeveer dertig tot vyf en dertig minute per deelnemer wanneer hulle beoordeel word. Die deelnemers wat al lank skou gaan vinniger. Spekkies Botha was in Reddersburg en het ons die dag besoek en by my gesit om meer te leer oor beoordeling. Chris het begin met die seniors in die sierduifafdeling terwyl ek wat die juniors in die sierduif en wedvlugduif afdelings beoordeel het, waarna ons saam die Seniors in die wedvlugduiwe afdeling beoordeel het. Die kompetisie was weereens baie sterk en die span het bewys dat hulle kan skou. Ons het weer opleiding na die tyd gegee. Chris het die voorbereiding gedoen. Hy



**Eben Bezuidenhout, Suné Grobler saam met Bertie Wessels en Attie.**

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org



Gert Venter verduidelik aan Eben Bezuidenhout hoe 'n Dragoon se Neusvrat moet lyk en hoe dit reg gesny kan word.

het begin met die



Jana vd Merwe besig met voorbereiding

skoonmaak van die pote tot waar die duif skou gereed is. Alles is gedemonstreer en hulle moes ook help. Daarna is ons deur die teoretiese deel. Met elke skou word daar ook opleiding gegee. Daar

was die dag ongelukkig




Ju-Marie Swanepoel besig met beoordeling

min foto's geneem.



Kimaine Edwards besig met voorbereiding



Eben Bezuidenhout besig met voorbereiding.

Die Vrystaat Kampioenskappe het op 27 Mei 2016 plaasgevind. Alles was in rep en roer. Die




Petro v Aswegen voor die Jeugskou Klubhuis.

deelnemers wat na die SA's gedurende Oktober gaan word op die skou gekies. Die deelnemers

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377





**'n Pragtige Miniatuur perdjie, 'n jong hings, is een van die nuwe toevoe-gings tot die jeugskou. Awie Esterhuizen het die perdjie by Tienie wat naby Klerksdorp met hulle teel gekry. Dankie Awie**



**Chris vd Walt besig met Ju-Marie Swanepoel.**




**Chris vd Walt besig met Eben Bezuidenhout se voorbereiding**

wat gekies word moet drie skoue gedurende die jaar geskou het om aan die SA's deel te neem.



**Attie v Aswegen en Spekkies Botha besig met Jana vd Merwe se voorbereiding**

Daar was agt deelnemers in die duiwe afdelings. In die sierduifafdeling seniors, was Ju-Marie Swanepoel, Suné Grobler en Eben Bezuidenhout en in die junior afdeling was Marius Kruger. In die senior wedvlugduiwe



**Attie v Aswegen en Spekkies Botha besig met Gysie Coetzee se beoordeling.**



**Chris besig met Suné Grobler se voorbereiding**



**Chris vd Walt en Attie v Aswegen besig met Petro v Aswegen se voorbereiding**




**Marius Kruger besig met voorbereiding**

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




**Frikkie van Zyl, voorsitter van die Vrystaat Jeugskou vereeniging besig om pryse uit te deel. By hom is Petro v Aswegen**

afdeling was Petro van Aswegen en Kimaine Edwards en in die junior wedvlugduiwe afdeling was Jana vd Merwe en Gysie Coetzee.



**Suné Grobler en Eben Bezuidenhout. Ju-Marie Swanepoel was afwesig met die neem van die foto**

Die kompetisie was sterk, maar ongelukkig is daar net een wat 'n afdeling kan wen. Seniors, wedvlugduiwe - Petro v Aswegen en Juniors wedvlugduiwe - Jana vd Merwe. Seniors sierduiwe - Suné Grobler en Juniors sierduiwe - Marius Kruger. Petro was die algehele wenner in die wedvlugduiwe afdeling en Suné was die algehele wenner in die sierduifafdeling. Al die deelnemers is



**Petro van Aswegen, Kimaine Edwards, Jana vd Merwe en Gysie Coetzee**

gekies om na die SA's te Morgenzon te gaan.

Die streke kan gerus met duiwedae en skoue die Jeugskou deelnemers nooi om die dae by te woon. Hulle kry baie ondervinding op so 'n dag.

Dit is lekker om met ons jeug te werk. Ek sal hulle help solank ek kan.



***President***
***Chris de Bruin***
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail:**
**chris.debruin@dcs.gov.za**
**of**
**tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club • S.A.F.P.A Specialist Club •

***Sekretaris***
***Peet Botha***
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail:**
**peetsandra@vodamail co.za**


## Moenie net gee van wat jy het nie, gee ook van wat jy is.

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377



## Selfoon seleksie hulpmiddel

NAK Smit

Aangesien ek my seleksies self hanteer, kan ek dit nie sonder my hulpmiddel, die selfoon, vermag nie. Deur die lens van 'n kamera kom jy gou agter dat 'n duif aanhoudend beweeg. Sommige bewegings sal jy nie eens met die blote oog kan waarneem nie. Daarom is dit baie moeilik en tydsaam om die perfekte foto van 'n duif vas te lê.

'n Duif gaan deur verskeie stadiums van ontwikkeling en jy kry die wat vinnig ontwikkel en reeds op 'n vroeë stadium potensiaal toon en dan kry jy die wat stadig ontwikkel, jou eers teleurstel, maar boeta oor 'n paar maande sal jy dieselfde duif nie herken nie.

So was twee duiwe uit my hok vir 'n tyd lank en toe hulle terugkom kon ek nie glo wat ek sien toe ek 'n foto van hulle neem nie. Die een het ek teruggekoop en vandag kan geen geld hom koop nie. Die ander een het eers nie veel om die kiewe gehad nie, maar die foto 'n paar maande later vertel 'n totaal ander storie.

Vir my vertel 'n foto 'n storie dat jy nie alles met die blote oog kan waarneem nie en veel meer. Jy kan ook 'n foto gallery opbou om vergelykings te tref. Vandat ek van hierdie hulpmiddel gebruik maak, was dit net al die pad vorentoe en was ek verseker van die korrekte parings. Elke twee jaar word my selfoonkontrak hernu en aanvaar ek slegs 'n foon wat oor die beste kamera binne my kontrak prysvermoë beskik. Aangesien my kontrak oor 'n aantal maande verstryk, het ek alreeds op Google geloer na die nuutste foon wat nou oorsee van 'n spesifieke vervaardiger bekendgestel word en moontlik sal beskikbaar wees sodra my kontrak verstryk.

In Suid-Afrika is daar ontsettende goeie "American Show Racers", want baie duiwe is in 2006/7 van die beste bloedlyne ingevoer. Met ander woorde jy kan met die regte parings dieselfde duiwe as oorsee teel. Die groot geheim is vasbyt, want jy gaan dit nie oornag regkry nie. Jy gaan elke trappie moet klim en kan nie van onder na bo spring nie, dan lewe jy in 'n droomwêreld. Hoe verder jy met 'n goeie lyn teel, hoe beter raak hulle.


My huidige duiwe oorskadu my 2006 invoere by verre, maar dit was die regte bloedlyn en ek het net volhard. Ek dog ek kon bepaal watter parings die beste resultate lewer, maar teling is veel meer ingewikkeld as wat mens dink. Twee bloedlyne verskil totaal van mekaar, daarom gaan jy kry dat die een kliek en die ander glad nie. Ek het 6 kuikens uit 2 bloedlyne geteel en niks om oor opgewonde te raak nie. Met die volgende parings slaan ek die "jackpot" met die eerste kuiken. Toe ek hom ring het hy reeds belofte begin toon. Die ander is "late developers". Hulle begin nou eers belofte toon.

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Ek is nou besig met 'n spesiale projek wat tyd gaan neem om 'n sekere doel te bereik. Die eerste kuikens is reeds gespeen, maar daar lê jare se teling voor voordat ek sal kan bepaal of dit haalbaar gaan wees, al dan nie. Gelukkig kan ek dit deurlopend monitor. Vir my gaan teling nie oor hoeveel hordes jy teel nie, maar oor hoeveel potensiaal toon.

Groete tot die volgende episode.





## Die Skaarsras-klub / The Rare Breeds Club nuusbrief / newsletter January 2017

**Hennie Hattingh**

GeagteKlublede

Ons is reeds in die jaar 2017. Ek vertrou dat dit met al die lede van die Skaarsrasklub goed gaan en dat julle 'n geseënde feestyd saam met julle geliefdes gehad het. Baie vreugde en voorspoed almal vir 2017 toegewens.

I hope you have a very successful breeding season. I am looking forward to see the results from every body's lofts at the upcoming show events. The big challenge will again be at the Nationals of 2017 at Pietermaritzburg where members of the Rare Breeds Club competing against each other's for the Venus Floating Trophies in the categories champion and reserve champion rare breed on show.

Gedurende die 2016 kampioenskapskou gehou te Upington was die Kapuzyner vertoon deur Hennie Hattingh aangewys as kampioen skaarsras duif op die skou en die Swiss Mondain vertoon deur At van Jaarsveld as die reserwe kampioen skaarsras duif op die skou. Die Kapuzyner het ook verder gegaan en is deur die hoofbeoordelaar, Chris de Bruin, geplaas onder die 10 duiwe op die skou waaruit uiteindelik dan die top-7 aangewys is. Hier het die Kapuzyner dit toe nie gemaak nie.

Die volgende skrywe kom vanaf At van Jaarsveld, sekretaris van die Skaarsrasklub:

### SKAARSRASSE - DIE STIEFKINDERS VAN DIE SIERDUIF STOKPERDJIE

Tydens die Nasionale Kampioenskappe te Parow asook in Upington was dit opmerklik dat daar heelwat minder skaarsrasse geskou was as in die verlede. In perspektief gesien is dit waar dat onbekende rasse in die verlede ingevoer is wat mettertyd weer verdwyn het.

Die vraag wat dikwels gevra word is: Waarom is dit so dat al minder lede met Skaarsrasse teel? Word daar dan na die statistieke gekyk is dit die ouretoriek van die meer bekende rasse wat die TOP SEWE haal. Dieselfde tyd en aandag word bestee aan die afrigting

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

van die Skaarsrasse as aan ander rasse, en tog is daar bitter min wat in aanmerking geneem word vir die TOP SEWE.

Praat jy met sekere Skaarsras telers is daar 'n negatiwiteit te bespeur want hulle het net nie die moed om slegsvir die liefde vir hierdie rasse tyd en koste aan die duiwe te bestee wat in elk geval nêrens sal kom nie. In die lig van bogenoemde word Skaarsrasse weggegee vir persone wat nie lid van die SASV is nie of beland hulle in troeteldierwinkels en verdwyn hulle uiteindelik.

Die vraag is nou: krap ek waar dit nie jeuk nie? "Nee glad nie", want daar sal lede wees wat sal vra: "Hoe de ongeluk kan duiwe soos Damascene, Arabiese Lagduif, Stargard Shaiker, Crested Soultz of Swiss Mondaine die TOP SEWE haal? Natuurlik lê die antwoord daarin dat indien die duif voldoen aan die standaard, skou voorberei is en goed vertoon - waarom nie!!!


Nie almal van ons is negatief nie en is ons lede van die Skaarsrasklub. Vergadering word jaarliks gehou tydens die SA's. Prestige skoue word gereeld gehou. Trofeë en sertifikate bestaan vir die Kampioen en Reserwe kampioen Skaarsras duif vertoon op SA's. Balkies kan verwerf word vir sekere prestasies behaal wat tog n rede is om te kompeteer.


Die volgende Prestige Skou sal plaasvind te Pietermaritzburg tydens die 2017 SA's en wie weet dalk is daar 'n verrassing!!

**UITNODIGING**

Alle vertoners van Skaarsras duiwe word uitgenooi om tydens SA's 2017 te Pietermaritzburg die vergadering van die Skaarsrasklub by te woon. Die volledige lys van watter rasse hieronder behoort vind u in die advertensie van die Skaarrasklub in hierdie uitgawe van "Die Sierduif". Die presiese tyd en plek op die terrein waar die vergadering gehou gaan word sal aan u deurgegee word. Kom woon dit by, kom kyk wat ons doen, kom beleef ons passie vir die Skaarsrasse en word deel van 'n groep duiweboere wat graag vorentoe die pad saam met een of meer rasse uit die Skaarrasgroep die pad wil stap.







Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Matt Willemse - Genommineer vir die pos van Nasionale Vise-President van die SASV

Goeie dag SASV lede

Soos u moontlik weet het ek myself beskikbaar gestel vir die verkiesing as Vise - President van die SASV. Ek gaan nie my CV plaas van watter jaar ek klaskap-tein was nie, maar is bereid om dit aan te stuur vir diegene wat dit graag wil sien. Al wat ek kan sê is ek was al oral betrokke by alles en het 'n sukses daarvan gemaak.

**HOEKOM het ek myself beskikbaar gestel?**

1. Ek glo ek sal 'n verskil kan maak.
2. Baie verandering is nodig om die SASV meer suksesvol te maak.
3. Nuwe idees is nodig.
4. Ek is betrokke en is bereid om betrokke te bly.

**WAARVAN hou ek nie?**

1. Sluipers.
2. Lede wat aan die verlede vasklou en nie besef verandering ten goede is noodsaaklik nie.
3. Twee Gat jakkalse.
4. Lede wat net daar is vir posisie en self voordeel.

**WAT is die 1 ste ding wat ek sal doen as ek verkies word?**

Ek sal bosberaad reël vir alle hoofbeoordeellaars en ander beoordeellaars sodat ons op dieselfde bladsy is as ons beoordeel, en die SASV sal gedeeltelik daarvoor betaal.

**HOE voel ek oor SASV komitee lede?**

1. As jy jou kant 100% bring is dit goed so, al maak jy foute.
2. As jy net daar is vir posisie of eie gewin, moet jy gaan.

**WAT is my slegste eienskap?**

1. Baie dinge.
2. Ek is te reguit.

**WAT is my beste eienskap?**

1. Ek is te reguit.
2. Ek kan met almal kommunikeer, oud, jonk, vet, maer, ryk, arm, ens.


As u dus bogemelde aanvaar kan u vir my stem en sal ek u vertroue in my waardeer en ten goede aanwend vir die SASV.



***P&S Botha***

**Breeders of Fantail, Lahore, Holle Cropper, Muffed Ice Pigeon, African Toy, Old German Owl and Frillback**

**PO Box 6519 Secunda 2302 Cell: 082 467 0996**

**E-Mail: peetsandra@voda mail.co.za**






SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

## Die ryk familie in ons gemeente

Ek sal 1946 se Paastyd nie vergeet nie. Ek was 14, Ocy 12 en Darlene 16. Ons drie het saam met Mamma gebly en het geweet wat dit beteken om sonder baie dinge klaar te kom. My pa is vyf jaar tevore dood en het my ma met sewe kinders, sonder enige geld, agtergelaat. Teen 1946 was die oudste vier kinders reeds uit die huis.

'n Maand voor Paasfees het die dominees aangekondig dat daar op Paasfees 'n spesiale kollekte opgeneem sou word om 'n arm gesin te help. Hy het almal gevra om geld te spaar, werklik 'n offer te bring en ruim by te dra.

Terug by die huis het ons dadelik gesels oor wat ons kan doen. Ons het besluit om 50 pond (ongeveer 23kg) aartappels te koop en vir die hele maand daarop te lewe. Op die manier kon ons R20 op ons kruideniersbegroting spaar om by te dra. Ons het ook besluit om so min as moonlik elektrisiteit te gebruik om nog meer te spaar. Ons het mense se huise en agterplase skoongemaak en elke geleentheid om kinders op te pas, aangegryp. Met elke 15 sent wat ons gekry het, het ons genoeg wol gekoop om drie vatlappe te brei wat ons dan weer vir R1 verkoop het. Op die manier het ons nóg R20 bymekaar gemaak.

Die maand was een van die bestes in ons lewe. Ons het elke dag die geld getel om te sien hoeveel ons al gespaar het. Saans het ons in die donker gesit en gesels oor hoe die arm gesin die geld wat die kerk aan hulle gaan gee, sal geniet. Aangesien daar ongeveer 80 mense in die kerk was, het ons uitgewerk dat die gemeente ten minste 20 keer meer kan gee as wat ons eie bydrae is. Na alles het die dominee die gemeente elke Sondag aan die spesiale bydrae herinner.

Die dag voor Paasfees het ek en my sussie na die kruidenierswinkel gegaan en al ons kleingeld omgeruil vir drie nuwe R20-note en een R10 noot. Ons het huis toe gehardloop om vir Mamma en Darlene te gaan wys. Ons het nog nooit voorheen soveel geld gehad nie. Daardie nag kon ons byna nie slaap nie, so opgewonde was ons. Dit het ons nie gehinder dat ons nie nuwe klere vir Paasfees kon kry nie, want ons het R70 vir die spesiale offergawe gehad. Ons kon nie wag om kerk toe te gaan nie.

Daar die Sondag het die behoorlik gereën. Ons het nie 'n sambreel besit nie, maar het ook nie omgegee hoe nat ons word nie. Selfs Darlene se voete het papnat geword omdat haar skoene al stukkend was. Ons het trots in die kerk gesit. Ek het gehoor dat van die ander tieners iets fluister oor die Smith-dogters wat weer hul ou rokke aan het. Ek het na hulle in hulle nuwe rokke gekyk en baie ryk gevoel.

Toe die kollekte opgeneem word, het Mamma die R10-noot ingegooi en ons kinders elkeen R20. Op pad huis toe het ons gesing. Middagete het Mamma ons verras. Sy het 'n dosyn eiers gekoop en ons kon Paaseiers saam met ons aartappels eet.

Laat daardie middag het die dominee voor ons huis gestop. Mamma het die deur oopgemaak, 'n oomblik met hom gepraat en toe teruggekom met 'n koevert in haar hand. Ons het gevra wat dit was, maar sy het niks gesê nie.

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Sy het die koevert oopgemaak. Toe val daar 'n klomp geld uit... drie nuwe R20-note, een R10 en sewentien R1'e. Mamma het die geld teruggesit in die koevert en niemand het 'n woord gesê nie. Ons het almal net na die vloer gesit en staar. Waar ons 'n oomblik gelede nog soos miljoeners gevoel het, het ons nou arm en waardeloos gevoel.

Ons het so 'n gelukkige lewe gehad dat ons almal jammer gekry het wat nie 'n pa en ma gehad het nie, of 'n huis vol boeties, sussies en vriende wat gedurig kom kuier het nie. Ons het gedink dit is pret om eetgerei te deel en altyd te wonder wat jy vanaand gaan kry: die vurk of die lepel? Ons het twee messe gehad wat ons rondgestuur het vir wie dit ook al nodig gehad het.

Ons het geweet dat ons baie van dit wat ander mense het, nie het nie, maar ons het nooit gedink ons is arm nie. Maar daardie Paasfees het ons uitgevind dat ons wel arm is. Die dominee het immers die geld wat vir die arm gesin ingesamel is, vir ons gebring. So, ons moet dan arm wees! Ek het niks daarvan gehou om arm te wees nie. Ek het na my rok en verslete skoene gekyk en was so skaam dat ek nie weer kerk toe wou gaan nie. Almal het blykbaar lankal geweet dat ons arm is. Op skool was ek in graad 9 en het eerste gestaan uit meer as 'n 100 kinders. Ek het gewonder of dié kinders ook weet dat ons arm is. Ek het besluit om skool te los, aangesien ek reeds graad 8 geslaag het en dit was al wat die wet destyds vereis het. Maar Ma het gesê Nee!


Ons het lank in stilte gesit. Later het ons gaan slaap. Gedurende die week het ons min gepraat. Saterdag het Mamma die stilte verbreek en gevra wat ons met die geld wil doen. Ons het gewonder. Wat doen arm mense met geld? Ons het nie geweet nie, want ons het nie geweet dat ons arm is nie. Ons wou nie Sondag teruggaan kerk toe nie, maar Mamma het gese ons moet.

Al was dit 'n lekker sonskyndag, het niemand op pad kerk toe gepraat nie. Mamma het 'n lied begin sing, maar niemand het saamgesing nie. By die kerk het 'n sendeling gepraat. Hy het vertel hoe mense in Afrika kerke bou met songedroogde kleistene, maar dat hulle geld benodig om die dakke op te sit. Hy het gesê dat R100 genoeg is vir een kerk se dak. Die dominee het gevra: Kan ons nie almal 'n offer bring om die arm mense te help nie?

Ons het na mekaar gekyk en vir die eerste keer daardie week geglimlag. Mamma het haar hand in haar handsak gesteek en die koevert uitgehaal. Ons het dit aangestuur na Ocy en sy het dit in die kollektebordjie gegooi. Nadat die geld getel is, het die dominee aangekondig dat die bydrae net oor die R100 was. Die sendeling was baie opgewonde. Hy het nie so 'n ruim bydrae van ons klein gemeentetjie verwag nie. Hy het gesê: Julle moet beslis ryk mense in julle gemeente hê.

Toe tref dit ons. Ons het R87 van die net meer as R100 gegee... so ons is die ryk familie in die gemeente. Het die sendeling nie self so gesê nie?

Van daardie dag af was ek nooit weer arm nie... en ek onthou altyd hoe ryk ek is omdat ek Jesus het!



## Bloedlyne

**NAK Smit**

Ek was altyd onder die indruk dat wanneer jy twee verskillende bloedlyne bymekaar sit, jy een goeie en een swak kuiken gaan teel en nie eenvormig nie. Ek het uit een paar wat uit verskillende bloedlyne stam 6 kuikens geteel wat amper soos 'n sesling lyk. Amper gedog dis die Rosenkowitz sesling. Toe paar ek my top teel wyfie op en sommer met die eerste kuiken slaan ek die "jackpot". Hy toon reeds groot belofte en verbeter elke dag. Miskien is die eerste ses "late developers" en die laaste een het vroeg ontwikkel. Die eerste ses begin nou eers belofte toon.

Miskien is ek reg, miskien is ek verkeerd, maar ek kom tot die gevolgtrekking dat indien jy twee top teelduiwe van verskillende bloedlyne oppaar, jy 'n goeie kans het om baie goeie duiwe te teel. Dan het die teenoorgestelde ook al met my gebeur. Ek het 'n top mannetjie van buite opgepaar met 'n top wyfie van my en iets geteel wat gelyk het soos 'n kruising tussen 'n kiewiet op lang bene en 'n daksitter. Met ander woorde, jy kan duiwe kry wat nie teel soos hulle lyk nie en dan kry jy duiwe wat teel soos hulle lyk en beter. Is dit nie wat ons voorheen as die oorsaak van twee verskillende bloedlyne wat nie deurlopend goeie kuikens sal teel nie, as die alpha en omega beskou het nie? Want dit is wat ek gedink het. Dit sal interessant wees om te bepaal of die duiwe se bloedgroepe enige rol speel. Miskien moet mens die twee uiterstes in 'n gaschromograaf laat ontleed.

Die afleidings wat ek hieruit maak, kan duiwe telery op sy kop omkeer. Met ander woorde:

(a) Pare kom voor wat glad nie kliek nie en konstant drek teel. Pare is self ook nie van goeie gehalte nie.

(b) Pare kom voor wat verwant is en konstant goed teel. Die Amerikaners noem dit "knit pair".

(c) Uitstaande pare kom voor wat geensins verwant is nie en konstant goed teel. Dit is nooit voorheen so aanvaar nie.

(d) Pare kom voor wat "once in a blue moon" iets goed teel.

(e) Uitstaande pare kom voor wat geensins verwant is nie, maar aanteel is uiters swak. Ons vaar uit teen die verkoper, wie totaal onbewus is van die situasie.

Indien die volgende twee kuikens lyk soos die laaste een of beter het ek die spyker op sy kop omgeklink. Mens sou graag wou weet wat is die oorsaak van die probleem. Die maklikste oplossing is om iemand te kry wat in 'n wetenskaplike rigting studeer en dit die tesis vir sy/haar PhD wil maak. Met 'n gaschromograaf kan presies vasgestel word wat die verskillende pare se bloedsamestelling is en jy het die antwoord vir die probleem. Dit gaan wys waar die probleem lê.

Geen verkoper kan aanspreeklik gehou word

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

as 'n duif onvrugbaar is nie, want miskien is daar 'n rede voor. Tipe hok kan verskil of oop of geslote hok parings. Of die persoon wissel nie pare af nie. Ek het daardie paadjie-geloop, pare geruil en kuikens geteel. Of duiwe word op 'n baie vroeë ouderdom verkoop, voordat daar met hulle geteel is.

Laastens, maar nie die minste nie. Die bonus: Jy kan terug teel na hierdie uitstaande buite mannetjie deur net sy dogters te gebruik en sodoende 'n nuwe stoet te bou met die kuikens wat nou dubbel die uitstaande mannetjie se bloedlyn gaan dra. Met die regte bloed samestelling kan jy moontlik eers die "jackpot" slaan.

Dis presies wat ek eersdaags gaan doen.

Ek sluit 'n foto van die check kuiken in, wat eintlik die hoofkarakter in *hierdie skrywe speel.* Moet nou tog nie my blameer as jou pare nêrens inpas en dit werk vir my, maar miskien nie vir jou nie, dan is jy die pad byster.

Nou is ek flou geskryf enek dink ek bêre vir eers *my pen.*







## Lionel Phillips writes.......

Hi All,

Just a short note to you all to keep in touch, down here we are well as could be, I will elaborate on our own personal health issues a little latter!

We are experiencing a severe drought, George has been forced to dry off 220 cows from his milk herd of 500 cows as he now has run out of water to irrigate his pastures and has been forced to start feeding grass silage and additional concentrates to keep things going! [Normally the rains start here at the end of February and by now George would be making hay and grass silage from surplus grass, this farm is run on a minimum tillage basis and therefore you do not plough and disc pastures, you over sow the existing pastures with fresh seed

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

or in the case of Kikuyu pastures you seed rye grass in March for grazing in July/August ] Obviously George then applies fertilizer according to soil samples which are sent away for the Fertilizer company to prepare a recommendation.

Ginty, Carols 2nd oldest sister is visiting us, really nice to have family and friends visiting, hope that you guys will some day find time to also visit, this is a very pretty part of the country and there is much good viewing in and around Plett and Knysna.

Carol has joined the Knysna photographic club and once a month we go for meeting and competition results, she has also joined a small group of photographers in Plett who also meet once a month purely to discuss the images that they have entered [these images are screened and they then have an open discussion on how it was done and how one could improve the image, each member submits five images for discussion]

I am battling with my feet, I have Osteoarthritis and I will have to go in for an operation later this year for my right foot and then later will have to do my left foot, I will be on crutches for about six weeks after each operation. Most of my shoes and boots I can not fit on my feet as the right foot is disfigured and either I can not fit the shoe or it hurts when I walk. Parkinson's is slowly getting worse but we are trying to manage it with the medication I am on!

Carol has been having circulation problems in her legs, she has been for blood tests and x-rays to determine the problem, one school of thought is that she Sicca Syndrome and the school of thought is that it is linked to fusion of her back, she has been to see Professor Brighton [ Rheumatology ]

1st June we are camping in Addo Elephant Park then we move to Camdeboo Park and then to the Karoo National Park [ All three parks are actually National Parks and are quite close to us and we are doing this now because we get a 40% rebate as pensioners from 1st May to 15th June, we will spend about three to four nights at each camp ] We hope to see some of the birds and animals which you do not normally see in the Kruger Park and of course Carol would like to get some good images, we have been to Addo before but Camdeboo near Graaff Reinet and Karoo Park near Beaufort West are new to us!

The days here are nice but the mornings and the evenings are starting to get a bit chilly, no more news for now will keep you updated

Love

Carol and Lionel



**Hallo al die SASV lede**

**ek wil graag vir julle belangrike inligting gee**

**vanaf 15/12/2017 tot 04/01/2018**

**sal my kantoor gesluit wees vir ring bestellings**

Webmaster - webmaster@safpa.za.org Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



## Lekker lees kaperjolle vanaf die Mookee Koning

**Ruben Kitching**

Ek het in die afgelope boekie of twee, van die mooiste, maar ook van die swakste opmerkings in artikels teëgekom. Soms erger as ou tannies wat op die Poskantoor se stoep sit en vir die bus wag. Intussen is Oom Dawid Sadie en Tannie Ria, asook Stewart Patterson oorlede en sal die van ons wat naby aan hulle geleef het en hulle geken het, hulle baie mis. Ek kan boeke oor hulle skrywe en dit is veral die lekker dingetjies wat ons oor gesels het rondom 'n koppie koffie en 'n pannekoek wat my altyd sal bybly.

Geagte Oom, natuurlik is God ons Koning, dit weet ons almal. Hy roep ons ook as konings om, onder andere, oor Sy skepping te heers. Ongelukkig antwoord ons nie almal op die roepstem nie en is dit betreurenswaardig om soms te sien hoe duiwe aangehou, versorg en geskou word en dan praat ek nie eens van al die snert wat verkwansel word op sosiale media nie, asook al die beinvloeding en inmengery van en teenoor beoordelaars wat hoogty vier. Niemand is bo kritiek verhewe nie, geagte Oom, en daarom gaan ek senior beoordelaars so 'n bietjie oplei op my duiwedae rondom onder andere hierdie saak.

Nouja, kom ons fokus weer, my kind. Ek gaan DV vanjaar 85 Mookees en 40 Modenas skou in Pretoria, Bloemfontein en Pietermaritzburg. In beide rasse het my kwaliteit met 10% verbeter en sit ek met 'n hele klompie uit die boeke wat hulleself op die skoue gaan kies. My duiwe se vere- en skou kondisie is vanjaar die beste ooit.

Goeie nuus vir ons Modena boere en dalk ook die Mookee manne. Ons gaan in 2018 'n groot prestige skou/dag doen wat ek op ons vergadering in Pietermaritzburg gaan voorlê. Modena boere moet solank by die klub aansluit om teleurstelling te voorkom. Dit gaan, of in Upington, of in Bloemfontein wees, afhangende van 'n paar faktore (en moet tog asseblief nie afleidings maak nie). In beide Modena rasse gaan ons, op ons prestige skou, aparte beoordelaars, aparte top 7, apartekampioenduif en aparte aanloklike pryse hê. Ons gaan Modenas kan koop, verkoop en opveil. Dink solank aan idees en laat my weet as jy iets positiefs beet het.



**Mense sien jou dade, maar God sien jou motiewe.**

SAFPA Website - http://www.safpa.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**Notulevan die Algemene Jaarvergadering van die SASV wat gehou is op Donderdag 30 Junie 2016 om 09-h30 by die Skougronde in Upington.** Dirk Scholtz

1. Hennie Hattingh open die vergadering met gebed en heet almal welkom.

2. Die presensielys is gesirkuleer vir ondertekening en die volgende verskonings word op rekord geplaas:

Phillip Lee, Johan Lombaard, Rudi Lombaard, Diedie Esterhuizen en Braam du Plessis.

3. Die volgende persone het ons ontval sedert die 2015 AJV op Parow:

